

Die Sierduif

September 2023

The Fancy Pigeon

**Trotse Smeda gesin Ma Zaan Smeda,
Pa Shaun Smeda en Karel-Jan Smeda
met sy Nasionale Kleure**



Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr. Warren Klopper

Mr. Clive Druce

Mr. Stewart Patterson

Mnr. Wynand Wessels

Ds. Renier Lee

Mnr. Pierre le Roux

Ds. Hennie Hattingh

Uitvoerende Komitee / Executive Committee

Nasionale / National President

Chris de Bruin, Posbus 906268, Magalieskruin. 0150 Tel: 012 819 1594, Sel: 082 426 8703

E-pos: tiaandebruin0@gmail.com

Nasionale Vise- / National Vice-President:

Dirk Scholtz, Posbus 21110, Nelspruit, 1200, Sel: 082 452 4229, E-Pos: dirk@harmonie.co.za

Nasionale Sekretaris / National Secretary:

Gerhard van Aswegen, Posbus 2792, Krugersdorp, 1740, Sel: 082 921 1747, E-Pos: gjtlofts1@gmail.com

National Treasurer / Nasionale Tesourier:

Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com

National Ring Master / Nasionale Ringmeester:

Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,

E-pos: safpa.rings@telkomsa.net

Nasionale Redakteur / National Editor:

Cora Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com

Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:

Christo Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2449 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com

Streekverteenwoordigers / Region Representatives

Gauteng: *Shaun Smeda, 6 Shirley Road, Valhalla, Centurion, 0185 Sel: 072 190 0345,*

E-pos: Shaunsmeda@intercape.co.za

Vrystaat: *Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,*

E-pos: plakkers@wol.co.za

Wes Kaap: *Pieter Neethling, 21 St Thomas Street. 7322 Sel: 081 397 9960 E-pos: thehaircorporation12@gmail.com*

Noord-Vrystaat: *Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,*

E-pos: pietodendaal01@gmail.com

Oostelik Streek: *At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,*

E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com

Noord Kaap: *Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,*

E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com

Eastern Province: *Danie Strydom, 1 De La Fontein Street, Young Park, Gqeberha, 6001 Sel: 072 353 9778,*

E-Pos: strydomjdw@gmail.com

South Western Districts: *George Bell, Posbus 3, Zoar, 6656 Sel: 083 483 9969 E-pos bellgeorge@hotmail.com*

Wes-Transvaal: *Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,*

E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com

KwaZulu-Natal: *Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,*

E-Pos: duanes@maverickcleaning.co.za

Indeks / Index

Algemene inligting van die SASV	2
Editors Page / Redakteur se blad	3
Voorwoord - Attie van Aswegen	3
Aviomed advertensie	4
Karel-Jan Smeda - Nasionale Kleure	5
Spesiale versoek vir hulp aan Leanè Munnik	6
Beoordeling van duiwe - Christo Munnik	7
Spesialiteitsklubs - Wyle Wynand Wessels	10
Ingestuurd deur Christo Munnik	10
Waaierstert gesprek tussen Ds Renier Lee en Nico vd Westhuizen	12
2023 SA Kampioenskapskou - Christo Munnik	14
Scoreboard and Rules	16

Birthdays /Verjaarsdae

W038 - Hansie Botes	02-Oct
H011 - Edu le Roux	02-Oct
W083 - CD Cillie	02-Oct

B021 - Willem Human	04-Oct
J033 - William Boshoff	11-Oct
B091 - Karel-Jan Smeda	15-Oct
W072 - Danie Swart	16-Oct
G040 - Rudie Viviers	16-Oct
H090 - Barny's Lofts	18-Oct
J010 - Johan van Zijl	19-Oct
K044 - John Rudman	20-Oct
B098 - David Cloete	23-Oct
C026 - Peet Botha	24-Oct
J019 - Pieter Labuschagné	24-Oct
D036 - Gerhardus Boshoff	25-Oct
H076 - Lukas Grundling	25-Oct
N055 - Shayla Schwarz	27-Oct
B035 - Ruan de Bruin	29-Oct
H078 - Lenard Groenewald	31-Oct



Voorwoord

Attie van Aswegen
Nasionale Jeug
Verteenwoordiger

Na al die lekker Streekskoue en 'n lekker SA's is dit duiwe uitsoek en oppaar. Maar daar is 'n maar. Hou jong duiwe uit vir die lekker jonduifskoue en duiwedae.

Noord-Vrystaat het 'n Jongduifskou die tweede Saterdag in September en Wes- Transvaal die Squikerskou die 7 de Oktober. Probeer om die skoue en duiwedae by te woon.

Dit is 'n belewenis om al die mooi jong duiwe te sien.

Op duiwedae is waar jy baie leer oor jou rasse. Woon dit by.

Bring die Juniors saam na die skoue toe. Die juniors het so goed gedoen die jaar op die skoue. Juniors, julle is die toekoms van die SASV. Die wat nie ten volle betrokke is nie, raak betrokke. Vra die beoordelaars julle wil graag help. Al help jy eers om die plakkers op die kaarte te plak. Dit is hoe jy leer.

Die Junior Forum wat die jaar gestig is was een van die hoogtepunte by die Juniors. Daar is 'n groep gestig vir die Junior Forum. Julle kan enige tyd op die groep met mekaar praat en voorstelle gee. Gesels oor julle voorstelle. Dit gaan die UK help om te weet wat die Juniors graag anders wil hê of iets wat julle op die skoue wil doen.

Ons lede neem net aan dat daar beoordelaars op 'n skou gaan wees. Kom ons waardeer ons Senior beoordelaars en beoordelaars meer. Van hulle ry vêr om te gaan beoordeel.

Ek hoop dat elkeen van u 'n goeie teel seisoen gaan beleef en top duiwe teel.

Duiwe groete.
Attie.



Dear Avio Med Clients

We sincerely appreciate and take pride in Avio Med's involvement and sponsorship at the annual Fancy Pigeon SA Championship Show, hosted by the North of the Vaal and Western Transvaal. We are delighted to share our significant contributions to this remarkable event.

Avio Med, a company committed to supporting the well-being of pigeons and promoting excellence within the avian industry, took great pleasure in sponsoring various items at the SA Championship Show. Our contributions aimed to recognise the participants' dedication and talent while enhancing the overall event experience.

Firstly, Avio Med proudly donated five hampers awarded to the first three senior and two junior participants. These hampers, valued at R4000.00, were carefully curated to provide essential supplies and resources that aid in the care and maintenance of pigeons.

In addition to the hampers, we extended our support to the top performers in both the Senior and Junior classes. The top seven winners in the Senior class and the top three winners in the Junior class received Avio Med products, each valued at R532. This sponsorship, totalling R5,320.00, aimed to assist the winners in further enhancing the health and performance of their cherished pigeons.

Furthermore, we proudly sponsored Mr Phillip Lee, the overall winner of the SA Championship Show, a complete pre-breeding program valued at R8187.00. This comprehensive program will undoubtedly contribute to the success of Mr Lee's breeding efforts.



Avio Med would like to extend a warm congratulations to all the winners, as well as to the organisers for such a successful event. We at Avio Med consider it an honour to be associated with the SA Championship Show. The participants and organisers' passion, skill, and dedication align perfectly with our company's values. Through our sponsorship, we aim to encourage the pursuit of excellence within the pigeon community while promoting the health and well-being of these remarkable birds.

Once again, I extend my deepest gratitude for allowing Avio Med to participate in this prestigious event. We remain committed to supporting initiatives that foster growth, sportsmanship, and innovation within the pigeon industry.

WE LOOK FORWARD TO FUTURE OPPORTUNITIES FOR COLLABORATION OR SUPPORT

Kind regards

Dr Ockert Botha





Karel-Jan Nasionale Kleure

Shaun Smeda

Vir meeste van ons wat ouers is, is daar seker niks so lekker soos wanneer jou kinders presteer of hulle te sien groei en drome na te jaag nie.

Karel-Jan neem die duiwe sport seker bietjie meer ernstig op as ek en daarom ry ek gewoonlik met lee hande huis toe, terwyl sy trofees en sertifikate die bakkie vol lê agter. Ons het 'n ooreenkoms en dit is dat as hy die dag nie meer kans sien of voluit strewe om te groei en te leer oor sy rasse ons 'n einde maak aan die stokperdjie tot hy weer gereed is. Tot en met hede laat sy skool werk (waarop ek



nou nie hier sal uitbrei nie) en ander verpligtinge darem nog tyd dat hy na sy duiwe voltyds kan om

sien en hanteer.

Wat n voorreg en eer was dit nie om gedurende die Nasionale Kampioenskappe die groen baadjie vir my seun te kon aantrek nie, nie net as President van ons streek nie, maar as pa van sy seun. Groot waardering ook aan die UK wat toegelaat het dat die baadjie tydens die afsluitings funksie oorhandig kon word, dit was n spesiale oomblik wat ek tot my sterf bed sal koester.

Van sy hoogte punte die jaar sluit in, Junior van



die Jaar (tweede jaar agtereenvolgens), Nasionale Kleure, Beoordelaar vir Birmingham Rollers en Brunner Pouters gedurende streeks skoue, Vertoner van die jaar Noord van die Vaal, Kampioenduif, Birmingham Roller Vertoners Klub gedurende SA's.

Ons streek en gesin is trots op jou prestasies seun en ons wens jou die beste toe vir die duiwe toekoms, bly nederig en werk hard en jy sal die vrugte pluk

Shaun Smeda



Hulp word gevra vir een van ons lede, Harry Munnik, alreeds 36 jaar lid van die SASV, se dogter. Leanè Munnik is serebraal gestrem en benodig spesiale toerusting en behandeling om haar lewe makliker te maak en dit kos ongelukkig baie geld en die medies betaal nie altyd vir alles nie. As enige iemand dalk kan help deur 'n eenmalige bedrag of dalk deur 'n maandelikse bydrae, sal dit baie waardeer word. Die geld kan direk in haar bankrekening inbetaal word. Leanè Munnik, Capitec account 1859637416

Baie dankie aan almal wat sover eenmalige skenkings gegee het en ook die wat maandeliks laat inbetaal, ons waardeer dit opreg

*sluit aan
by ons...*



Kontak:

Danie

0823293043

Pearl

0728423032

August 2023

Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483

Augustus 2023





Beoordeling van duiwe

Christo Munnik
Nasionale Beoordeelaarsbeampste

Ek gaan probeer om in die skrywe te verduidelik hoe te werk gegaan word, of hoe dit behoort te werk om duiwe te beoordeel tydens 'n skou. Ek beoordeel nou al vir bykans 43 jaar duiwe en elke keer as ek dit doen leer ek iets nuuts, of ek verbeter myself sodat ek die beste diens waartoe ek in staat is aan die vertoner kan lewer. Baie vertoners doen geen moeite om duiwe skougereed te kry nie en ander oordoen partymaal ook weer die duif. Wat ookal die geval die beoordelaar moet te alle tye respek hê vir die vertoner en sy duiwe.

Ek glo dat die meeste vertoners in elk geval nie met 'n beoordelaar sal verskil oor sy opinie nie, omdat die vertoner of teler van die ras in baie gevalle nie die standaard van die duif so goed ken dat hy met jou sal of kan verskil nie. Dit is natuurlik baie jammer, want daar is standarde beskikbaar vir elke ras en as jy dan met 'n spesifieke ras teel behoort jy die rasstandaard net so goed te ken as die beoordelaar. Hoekom sê ek so. Telers skryf gewoonlik drie of vier duiwe in 'n klas in want hy/sy is nie seker watter een die beste is nie, nou gee die teler die beoordelaar 'n wyer keuse om van te kies.

Dit is ook so dat beoordelaars verskil en daarom het ek self al meer duiwe in 'n klas ingeskryf sodat die beoordelaar 'n wye verskeidenheid het om van te kies. Hierdie is alles negatiewe dinge aangaande skou en beoordeling en moet, as dit kan, uit die weg geruim word. Genoeg daarvan.

Enige mens kan 'n beoordelaar word of wees. Jy leer dood eenvoudig die standaard van die duif, volg die neergelegde reëls om getoets te word, en siedaar jy is 'n beoordelaar, maar enige mens is ook nie altyd 'n goeie beoordelaar nie dis ook waar.

Ek gaan hieronder 'n uiteensetting gee van hoe ek te werk gaan as ek 'n ras duiwe beoordeel. Daar sal verseker beoordelaars wees wat hiervan sal verskil omdat dit menslik is om te verskil van mekaar. Ek weet gewoonlik vooraf watter rasse duiwe ek gaan beoordeel, omdat ek gewoonlik per whatsapp of e-pos uitgenooi word deur 'n streek se bestuur. Ek sorg dan dat ek vooraf die duiwe se standaard/e deurgaan net om seker te maak dat ek nie iets vergeet het van die ras/se nie. Dit is onmoontlik om alle rasse se standarde ten alle tye een honderd persent te onthou omdat die uiterlike kenmerke of tipe van alle duiwe heeltemaal verskil van mekaar. Ek word gewoonlik vir tussen twee en tien rasse genooi per skou maar gaan hier net bly by die beoordeling van Brunners.

Omdat Brunners blaasduiwe is en hulle in aksie beoordeel moet word (aksie bedoelende dat die duif sy krop moet opblaas en die heel tyd moet rondbeweeg asof die duif met jou gesels) is dit nodig om die duiwe klas vir klas uit die skouhok-



Plakkerskamp Boerdery

Stantonstraat 1, Fichardpark, Bloemfontein.

Selfoon: 082 378 6447

Epos: plakkers@wol.co.za

August 2023

Teler van: Brunner Pouters in Wit, Blou, Bruin & Swart

Teler van die Reserwe Kampioen duif tydens

2022 SA Kampioenskapskou

Teel ook: Norwich Kroppers in Rooi, Mealy & verwante kleure

kies te haal en in loopringe te beoordeel. Brunners is dan ook aggressiewe duiwe wat mekaar aanval in die loopring, daarom is dit nodig om twee of drie loopringe te hê vir die beoordeling van die duiwe. Dit is ook van uiterste belang dat die area goed verlig moet wees of deur natuurlike lig (verkieslik) of deur elektriese beligting. Dit is ook nodig dat die beoordelaars ruimte van so 'n aard moet wees dat die beoordelaar rondom die loopring/e kan beweeg. Die volgende waarop ek let is dat die loopring net hoog genoeg van die grond af is sodat ek die duiwe ook van bo af kan besigtig. Dit is makliker om op 'n stoel langs die loopring te sit, as daar na die duiwe van die kant of van voor af gekyk moet word, as om op 'n stoel te staan om die duiwe van bo af te sien. Ek verkies deesdae om te sit en beoordeel want my bene wil nie meer nie.

Teen die tyd het ek al vir my helper (steward) aangesê om volgens die beoordelaarslys die hokke se nommers na te gaan en seker te maak dat alle leë hokke en die duiwe wat wel daar is se ringnommers op die lys aangeteken word. Indien dit 'n opgeleide persoon is sal hy/sy ook alle verkeerde inskrywings aan my rapporteer sodat dit, indien moontlik, reggestel kan word voor die beoordeling begin. Indien die helper 'n nuwe lid is of nie opgelei nie sal ek bogenoemde saam met hom/haar doen wat dan somer dien as opleiding vir die helper. Goed opgeleide helpers is soos ons in Engels sê 'priceless' want huule maak die taak soveel makliker vir enige beoordelaar.

Nou kan die beoordeling van die eerste klas begin. Dit maak nie regtig saak of dit volgens die lys ge-

doen word en of dit in 'n ander volgorde gekied nie, solank elke duif wat ingeskryf is beoordeel word. Die helper/s dra die duiwe vanaf die skouhokkies na die loopring aan en gee die duiwe een vir een aan my om te hanteer. Helpers moet geleer word om nie twee en drie duiwe gelyk te probeer dra nie want dit kan duiwe beseer of vere breek en dit maak vertoners kwaad as hulle duiwe, wat reggemaak is vir die skou hardhandig hanteer word. Ek, die beoordelaar gaan nou die duif versigtig deur om te kyk na die volgende:

1. Het die duif enige gebreke soos krom borsbene, verlore vere in die stert of vlerke.
2. Is daar enige sigbare lewendige luise of gaatjies (pinholes) wat deur luise in die vere gemaak is teenwoordig.
3. Die duif se algemene kondisie en veer kondisie.
4. Is die oë van die duif lewendig en is albei van dieselfde kleur en die regte kleur volgens die standaard.
5. Ek kyk ook somer dan na die vorm van die duif se kop, kleur en vorm van die bek, neusvratte en toonnaels en vergelyk dit met die beskrywing in die standaard.

Nou is ek tevrede dat ek die duif deurgegaan het en indien alles hierbo reg is plaas ek die duif in die loopring. Ek stuur gewoonlik net duiwe met gebreke en luise summier terug na die skouhokkie sonder om hom/haar verder te beoordeel. As al die duiwe in die betrokke klas in die loopring/e is tel ek hulle en maak dan seker volgens die lys of al die duiwe daar is.

George Nell



*Teel met Syrian Dewlaps
en gaan poog om met hulle te vlieg
en ook met Birmingham Rollers
e-mail: georgenell42@gmail.com
Sel: 083 536 6917*



Oktober 2022

Nou begin die groot werk om die duiwe te kry om in 'n vreemde omgewing met 'n vreemde stem te gesels en hulle self aan te bied vir beoordeling. Dit is baie belangrik want blaasduiwe wat nie blaas en praat met die beoordelaar nie word summier uitgegooi. Terwyl die duiwe dan voor my paradeer moet ek na die volgende punte kyk en dit vergelyk met die standaard:

1. Die vorm van die krop wat geblaas is.
2. Die kop se vorm uit die hand uit.
3. Die lyf.
4. Die vlerke.
5. Die stert.
6. Die bene.
7. Die tone en toonnaels.
8. Die manier wat die duif loop.
9. Die kleur en gehalte van vere.

Al die bogenoemde punte word in die standaard van die duif volledig beskryf. Ek gaan dan nou voort om duiwe uit te haal wat volgens my opinie die meeste foute het gemeet aan die geskrewe standaard. Daar moet daarop gelet word dat ek nooit die duiwe met mekaar vergelyk nie. Ek sal die duif wat die minste foute het dan laat wen. Dit word genoem positiewe beoordeling. Die enigste keer wat ek duiwe met mekaar sal vergelyk is as daar twee duiwe is wat eenders is met ewe veel goeie en slegte punte, dit word negatiewe beoordeling genoem.

Indien al die klasse nou beoordeel is en daar dus 'n wenner in elke klas is, beoordeel ek weer al die


wenners om te bepaal wie op die ou einde die beste in die ras is. Ek wil net eers vir die wat nie weet nie verduidelik wat klasse is. Duiwe van verskillende rasse word in die skouskedule opgedeel in die volgende klasse:

Voorbeeld

Brunner	YH	YC	OH	OC
Swart	1	2	3	4
Wit	5	6	7	8
Rooi	9	10	11	12

Bostaande net 'n voorbeeld van die eerste drie verskillende klasse vir die Brunner. Wat nou moet gebeur is, ek moet volgens die reëls die beste jong wyfie (YH) uithaal tussen klasse 1, 5 en 9 en die duif dan laat deurgaen om te kompeteer teen die beste jong Mannetjie (YC), klasse 2, 6, en 10 om te bepaal watter duif die beste jong duif in die ras is. Dieselfde weg word gevolg om die beste ou duif te bepaal (OH & OC). Weereens vergelyk ek die duiwe met die standaard wat dan nou makliker is omdat al die duiwe alreeds beoordeel is. Die volgende stap is om die twee finale wenners, beste jong duif en beste ou duif te beoordeel om een raswenner deur te stuur vir finale beoordeling, wat deur 'n Senior beoordelaar gedoen word om die top sewe duiwe van die hele skou te bepaal. Om die beste duif in die ras te kies vergelyk ek die duiwe ook met mekaar net om seker te maak dat ek die beste duif vorentoe stuur vir die Senior beoordelaar om te beoordeel. Dit sal dan gewoonlik die duif met die minste foute wees en wat ek in my hart oortuig is

SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub



President: Bertie Wessels
e-mail: bertie_wessels@hotmail.com
Sel: 083 733 4191

Sekretaris: Ds Hennie Hattingh
e-mail: hennihattingh703@gmail.com
Sel: 082 923 3910

Prestigeskou

3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad



Augustus 2023

wat met die Senior beoordelaar sal praat.

ere daar en in Ierland besoek.

Ek het ook al in my tyd die voorreg gehad om in ander lande te beoordeel soos Namibië, Australië en ook in die Filippyne. Ek het ook die skou in Doncaster Engeland bygewoon en heelparty duiwebo-

Groete

Christo Munnik



Spesialiteits Klubs

Deur wyle Wynand Wessels

Geneem uit die Jan / Feb 2000 Sierduif

Ingestuur deur Christo Munnik

'n Riglyn vir Spesklubs om op te werk

Mnr Wynand Wessels het die volgende brief saamgestel wat gerus deur alle Spesklubs gelees kan word. En wanneer u klaar gelees het, kan u gerus gaan sit en dink en die volgende vrae aan u afvra:

Voldoen my Spesklub aan enige van die gedagtes? En as ek lid van die bestuur van 'n Spesklub is - Voldoen ek as bestuurslid aan enige van die gedagtes?

Inleiding:

Daar word altyd gevra wat doen spesialiteitsklubs om nuwe lede te werf, asook om eenvormigheid te

kry in die vertolking van die standaard deur telers sowel as beoordelaars. Ek wil geensins enige poging afbreek wat tans in enige klub aan die gang is nie. Sommige klubs het wel nuusbriewe, spesiale ringe, pryse soos geld of medaljes, ensovoorts. Die ironie is net dat niemand anders ooit daarvan kan lees of iets vra wat sal maak dat hy ook met die ras sal begin boer nie.

Ek sien dus dat 'n klub vier pilare nodig het om suksesvol te groei in ledetal, gehalte beoordelaars, gehalte vertoners en veral gehalte "duiwe" wat nie net verteenwoordigend van die ras sal wees nie, maar bogemiddeld en eenvormig.

Die vier pilare is as volg:

1. Ontwikkel 'n belangstelling in die ras deur bevestiging in 'n breë spektrum tydskrif soos die SASV se nuusbriewe.
2. Hou belangstelling van huidige telers deur kommunikasie.
3. Skep 'n platform vir voornemende beoordelaars sowel as bestaande beoordelaars.
4. Dra sorg dat die bestuursspan wat u kies hardwerkend is, voeg alle lede se sterkpunte saam en behaal 'n gesamentlike sukses, nie individuele suksesse nie.

Cora Munnik *Nasionale Redakteur*



Teel met Portugueses Tumblers
e-mail: coramunnik@gmail.com
Sel: 076 313 2873

Oktober 2022



Die Meesterplan van aksie

1. Skou- en Naaswenners

Stel 'n program op van skouenners en naaswenners van die afgelope jaar wat alle streekskoue behels sowel as die Nasionale Kampioenskapskou. Daar moet onder elke foto 'n kleurbeskrywing van die betrokke duif wees, met sy ringnomer en jaartal, asook die naam van die teler/vertoner. Indien die teler'n ander persoon is as die vertoner, albei name. Meld die beoordelaar van die betrokke skou, getal duife asook getal vertoners. Fotos moet duidelik wees met 'n kontrasterende agtergrond.

2. Interras Presteerders

Vermeld ook alle duife wat in die interras kampioenskappe plekke verwerf het (top sewe) op streekskoue sowel as die Nasionale Kampioenskapskou.

Vermeld die hoofbeoordelaar se naam, totale duife en rasse plus die vertoner getal.

3. Jaarprogram

3.1 . Datum en plek van Nasionale Kampioenskapskou.

3.2. Datum en plek van streekskoue.

3.3. Datum en plek van prestige skou.

3.4. Duiwedae wat beplan word met datum en plek.

3.5. Vir punte 3.3. en 3.4 se byeenkomste is die volgende belangrik:

A. Wie sal die kontak persoon wees?

B. Watter vorm sal die dag aanneem (bring en braai)

C. Watter van die volgende aspekte gaan aangespreek word:

- * Beoordeling - vermeld naam van spreker,
- " Beoordelingsfasiliteite (spreker)
- * Opleiding van beoordelaars en telers
- * Kleurteling (spreker)
- * Ledebesprekings - skou voorbereiding en teling asook probleme en ander hindernisse van lede, beoordeelaars asook die bestuur. Hierdie is in eie reg almal ewe belangrike sake want dit bepaal jou bywoningsyfer. Mense verwag myle vir hulle finansiële insette om by duiwedae en die prestige skou uit te kom.

D. Wat bied die klub aan sy lede vir die jaarlikse ledegeld wat aan die klub betaal word, kry die lid:

1. Stemreg op alle vergaderings van die klub.
2. Het hy inspraak in die aanwys van beoordelaars
3. Kry elke lid 'n hoeveelheid spesiale ringe om sy aandeel mee te ring. Die spesiale-ring duife ding mee om spesiale pryse soos geld, medaljes, en so voorts.

4. Sommige klubs reik ook spesiale ringe uit wat die eiendom van die klub bly.

Tydens die Nasionale Kampioenskapskou word die klubring duife deur'n persoon of paneel gekeur en dan aan voornemende kopers beskikbaar gestel. Alle fondse wat so geïen word is die eiendom van die klub.

Christo Munnik Nasionale Beoordelaarsbeampte



*Teel met Roller duife vanaf 1963
en met Birmingham Rollers vanaf 1980
Teel nou ook weer met Barbs
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800*

Oktober 2022



5. Die klub beskik oor sy eie nuusbrieff of gebruik die nuusbrieff van die SASV.

6. Waar staan die klub vandag.

1. Ledetal totale asook syfers in streekverband.
2. Waar staan u ras of rasse op die gewildheidsleer van die SASV, wat getalle vertoon betref asook po-

sisie die afgelope drie jaar.

3. Hoeveel beoordelaars het u klub wat aktief beskou kan word op nasionale vlak, provinsiaal, asook geregistreerd.

4. Is daar enige ander belangrike nuus soos byvoorbeeld invoere, ensovoort.

5. Kry van u lede oorsese tydskrifte of het van hulle internetkontakte.



**Waaierstert
gesprek tussen
Ds Renier Lee en
Nico vd Westhuizen**

Net 'n kort verslag oor die gesprek tussen myself en Nico van der Westhuizen wat handel oor Waaierstert telers wat nie by die SA's geskou het nie.

Eerstens my dank aan Nico van der Westhuizen wat my gebel het oor my verslag in die Sierduif rakende beoordeling van die waaiersterte tydens die pas afgelope Kampioenskapskou in Bloemfontein.

Ek wil dadelik sê dat dit 'n baie positiewe en opbouwende gesprek was wat in 'n baie kalm en positiewe wyse plaasgevind het.. Nico was goed voorbereid en het 'n paar bladsye aantekeninge gemaak

wat ons een, een hanteer het. Die klern van die gesprek het gehandel oor die feit dat die waaierstert telers die Kampioenskapskou nie ondersteun het nie maar 'n skou op hul eie in Philippolis gereël het met die gevolg dat daar slegs drie waaierstert duive tydens die Kampioenskapskou vertoon is wat natuurlik baie ander telers tydens die SA's ongelukkig gemaak het.

Nico se verweer was dat geen teler verplig kan word om by die SA's te skou nie. Dis natuurlik heeltemal reg en ek het hom dit toegegee maar het ek ook gesê dat geen spesialiteitsklub 'n Kampioenskap skou op hul eie mag aanbied volgens 'n besluit wat reeds in die laat sewentigs geneem was nie.

Die besluit waarvan ek praat het ook duidelik gestel dat die Kampioenskap skou die belangrikste skou in Suid-Afrika moet wees en dat klubs daaraan gehoor sal gee. Nico was, volgens homself, bewus van hierdie besluit en het geantwoord dat dit nie 'n kampioenskap skou was nie. Op hul vergadering tydens hul klubskou het hul ook onderneem om meer streekskoue asook die jaarlikse Kampioenskap skou te ondersteun.

Harry Munnik

*Teel met Birmingham Roller
Oriental Frill - Blondinette
Oriental Frill - Satinette
African Owl
Holle Cropper
Dutch Highflyer
Gros Mondain*

Sel: 072 600 6919 - e-mail: munnikharry5@gmail.com

Oktober 2022

Verder was die probleem van telers dat weens kostes dit baie moeilik is (vir telers) om twee groot skoue by te woon en dat hul die besluit geneem het om een skou te ondersteun op Phillipolis vir drie jaar en dat die skou deur hulle telers geniet word.

Die koste probleem raak egter al ons telers en ons kan nie koste alleen gebruik om elke klub toe te laat om hul eie "kampioenskapskou" aan te bied nie (In aanhalingstekens omdat Nico reeds ontken het dat dit 'n kampioenskap skou was") Verder het Nico gestel dat die SA Kampioenskapskou te lank duur. Dis natuurlik 'n agendapunt vandat ek kan onthou. So was die skou al verkort en verleng en het ek vir hom genoem dat die afgelope Kampioenskap wel verkort was en dat ons met die regte beplanning dit so kan hou..

Ek het ook aan Nico genoem dat ons telers een groot familie is en dat ons nie kan bekostig dat daar skeuring en wrywing onder ons telers moet wees nie. Hy het saamgestem en gestel dat hulle nie wil wegbreek of enige skeuring wil of sal veroorsaak

nie.

Ten slotte wil ek elke teler van Waaiersterte vra om die SA Kampioenskapskou te ondersteun soos jare gelede waar hul baie keer die meeste inskrywings op skou was. Die SA Kampioenskapskou was hierdie jaar baie goedkoper met baie meer waardevolle kuier tye wat saam geniet kon word.

Vir Danie Strauss baie geluk met 'n pragtige duif wat beste waaierstert kroon verower het. Die duif kon by die SA's in die top 7 geplaas gewees het en kon Danie op pad gewees het na sy groen baadjie. Hy verdien dit.

Wil ook net vir die Waaierstert telers die versekering gee dat ek nie van hulle gepraat het soos sommige gedink het nie. As jy van iemand praat doen jy dit agteraf. Ek het met julle gepraat deur die Sierduif want dit was deursigtig net soos ek en Nico ooreen gekom het om ook hierdie gesprek in die Sierduif te plaas, want hier praat ons almal met mekaar.



Suid-Afrikaanse Homer Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483

Augustus 2023





2023 SA Kampioenskapskou

Christo Munnik
Nasionale Beoordelaarsbeampte

Wat 'n skou was die afgelope 2023 SA Kampioenskap net nie gewees nie. Ek het in die 47 jaar wat ek lid is van die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging seker so drie Kampioenskap skoue gemis, die een in Goodwood in die Kaap, een van die dubbel Kampioenskap skoue in Bloemfontein en een van die Nelspruit Kampioenskapskoue.

Elke Kampioenskapskou het sy eie bekoring en sy eie lekker en onlekker gehad al die jare. Ek het altyd gesê dat 'n mens nie die Kampioenskap skoue met mekaar moet vergelyk of teen mekaar moet afspeel nie want elke streek se bestuur en helpers het nog altyd hulle beste gedoen om die skoue te laat slaag.

Ek en wyle Chris vd Berg het altyd gesê as ons op pad is na die SA's toe "nou het die fluitjie geblaas nou is dit heelyd speelyd tot ons weer terug is by die huis". Daar was lekker kuier tye, lekker gelag en gesels al was daar gesê die skou moet korter wees. Ek het elke jaar terwyl ek gewerk het my verlof so uitgewerk dat ek die hele SA's kon bywoon.

Hierdie jaar het ek en Cora weer soos gewoonlik vooraf plek bespreek en SA's toe gegaan met die doel om dit te gaan geniet. My groot doel natuurlik was om te gaan beoordeel en om as Hoofbeoordelaar op te tree, wat natuurlik soos ek altyd sê net 'n voorreg is. Dit is vir my ontsettend lekker om ander lede se duive te beoordeel en te weet dat ek die duif beoordeel en nie die mens wat die duif gebring het nie.

Genoeg daarvan. Ek en Cora het die Dinsdag middag by die Gaste huis ingeboek. Met ons aankoms is ons meegedeel dat die kamer wat vir ons gereed is op die eerste vloer is met redelik trappe om te klim. Nou kyk dit sou vir ons twee met ons swak bene nie gewerk het nie. Ek het natuurlik dadelik gevra nadat ons boontoe is om te gaan kyk na die kamer, en dit in orde gevind het (ons sou maar moes vasbyt en die trappe eenmaal per dag aandurf) gevra of daar nie 'n moontlikheid is om iewers op die grondvloer te bly nie. Op daardie oomblik stap die dame wat ons twee ingeboek het tydens die UK vergadering, erken ons twee en vra of daar 'n probleem is. Ja, ons het gevra vir 'n kamer op die grondvloer. Intussen het ons geloop en ons sakke gaan haal om in te trek. By terugkoms word ons meegedaal hulle kan ons help as ons tevrede sal wees met die ander plek. Die word vir ons gewys en ons het 'n lekker kamer. Die personeel was baie vriendelik en ons is omtrent op die hande gedra. Ek sal beslis weer in die toekoms van daardie gastehuis gebruik maak.

Daarna, nadat ons uitgepak het, is ons skougronde toe en daar word ons weereens soos VIP's behan-

Uil & Strikduif Klub

Spesialiteitsklub vir:

***Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu
en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)***

President : Shaun Smeda - 072 190 0345

Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496

leendert270@gmail.com

August 2023



Die Sierduif

The Fancy Pigeon

14

del deur die ontvangs tafel waar Daleen en Marleen Esterhuizen ons gul ontvang het en dadelik laat tuisvoel het. Die saal se uitleg is bekyk so tussen die groetery deur en wat 'n mooi gesig was dit nie gewees nie. Hokke netjies met lekker groot water en kosbakke en skaafsels in. Lekker skouhokke wat ek toe verstaan van die hoender mense afkomstig is. Die hokkaarte was netjies almal op dieselfde kant van die hok en bo-op, al die duiwe se prentjies wat in die betrokke ry hokke staan, wat 'n gesig was dit nie. Baie geluk aan die bestuur van Wes-Transvaal en Noord-van-die-Vaal streke vir dit wat julle daar reggekry het.

Woensdag het die inhok van die duiwe seepglad verloop en het ons vergaderings gehou en somer net gekuier. Donderdag was die groot dag van beoordeling en weereens loop alles seepglad die manne en dames beoordeel hulle duiwe en ek wys die top sewe wenners in Junior en Senior afdelings aan (met so bietjie traffic in die saal maar geen inmenging nie). Daarna is ons weer terug na die gastehuis en gaan eet ons weereens soos konings nie kan nie. Dankie aan die bestuur en personeel

van die gastehuis wat hulle beste kant gebring het om almal gemaklik te laat voel en lekker te laat eet.

Wat ek opgemerk het tydens die SA's was die lekker kuier wat ons weer ingekry het in die aande en almal het deelgeneem en gesels dat die biesies bewe. Dit was dinge wat lanklaas, en ek bedoel lanklaas tydens die SA's gebeur het dat almal saam geeet en gelag en gesels het. Wat 'n fees was dit nie gewees nie.

Lede van die SASV ons moet hard werk daaraan dat die skou van ons elke jaar in Bloemfontein gehou word sodat meer lede kan kom skou en die skou weer 'n plesier kan word om by te woon.

Ek het nagelaat om nog drie dinge te noem en dit is die skoon water en kos wat die duiwe elke oggend gekry het, die admin by die groot tafel wat seepglad verloop het en die lekker kos wat ons deur die dag kon koop by die kombuis/snoepie dit het alles bygedra tot die sukses van die SA Kampioenskap skou in Bloemfontein 2023.



Die twee admin dames Marleen en Daleen Esterhuizen by hulle tafel maar dit lyk darem vir my of die 'Old Brown Sjerrie' hulle goed aan die gang gehou het. Genade julle was veronderstel om admin te doen.

Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

Rules

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.

Important information

Order from the National Ringmaster:

1. Book of Standards R250 each
2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each
3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each
4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each
5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each
6. Metal Member & Judges scrolls R50 each
7. National pocket badges (Green) R70 each
8. National Honour scrolls (Green) R30 each
9. National Ties (Green) R120 each

All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage

Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
 2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
 3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
 4. Streeknuus verdien 200 punte.
 5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
 6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
 7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
 8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
 9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.
- NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

Score board

Bank OFS Shield

1. North-of-the-Vaal: 2098

Manie Fourie Trophy

1. Western Transvaal: 999
2. Northern Cape: 850
3. Eastern Province: 450
4. Freestate 300
5. Western Cape: 0
6. Northern Freestate: 0
7. Eastern Region: 0
8. SW Districts: 0
9. KwaZulu-Natal: 0

Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls bo-aan die kolom. /To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above.

Bertie Wessels Trophy

1. Noord-van-die-Vaal 0
2. Vrystaat 100
3. Noord Vrystaat 0
4. Noord Kaap 100

Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan oor punt 9/ The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9